NOTULE VAN DIE UITVOERENDE KOMMISSIE VAN DIE S.A.S.K. GEHOU OP 19 SEPTEMBER 1950.

TEENWOORDIG: Di. W.R. de Kock, P.N.V. de Lange en die Algemene Sendingsekretaris.

Die Voorsitter open die vergadering met gebed.

1. Die Sekretaris rapporteer dat Eerw. Holtzhausen van Marquard vir die beroep na Salisbury bedank het. Die vergadering beroep Eerw. L.C. v.d. Merwe.

2. BRIEF MNR. D. ERASMUS: Sy brief word gelees waarin hy versoek dat sy volle salaris gedurende rustyd betaal sal word en dat hy dan self die reiskoste sal dra. Die Kommissie besluit dat hy geen verandering aan die reglement kan aanbring nie en sal dus, soos in alle ander gevalle in die Ooste, sy reiskoste vergoed as hy op rustyd uitkom en ⅔ van sy salaris betaal.

3. BRIEF VAN SUSTER NELL RE MINNIE WASSERMANN: Die Kommissie besluit dat aan haar rustydsalaris betaal sal word as sy 'n kursus in Moederkunde vir 'n paar maande wil loop.

4. BRIEF MNR. J. LABUSCHAGNE RE SENTRALE PRIMÊRE OPLEIDINGSKOOL TE ENKELDOORN:

Die hele brief word gelees en die saak word ernstig bespreek. Die Kommissie voel die noodsaaklikheid van so 'n voorwaartse stap, maar waarsku teen oorhaas en besluit om afskrifte van hierdie brief te stuur aan Eerww. Pieters, Pienaar en Ds. Pauw vir advies en leiding.

5. Die Sendingsekretaris rapporteer dat hy 'n prinsipaal vir Katete, 'n gesertifiseerde verpleegster vir die Sendingveld gekry het en 'n mooi som van die Rhodesiëse Regering die vorige dag ontvang het.

.....
VOORSITTER.

.....

.....